VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 13 - Uitgawe 11

Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

24 April 2015

1. VERSOEK – VOORBIDING VIR SUID-AFRIKA OP SONDAG 26 APRIL 2015:

Dr Kobus Gerber, Algemene Sekretaris van die NG Kerk, het die volgende dringende versoek aangestuur:

In die lig van die talle krisisse waardeur ons land op die oomblik gaan, in besonder ook die in-duie-stort van die siel van ons nasie, doen die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke 'n beroep op alle geloofsgemeenskappe om eerskomende Sondag te wy as 'n dag van verootmoediging en voorbidding. Die NG Kerk is lid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en ook verteenwoordig op die Uitvoerende Komitee daarvan.

Leraars en kerkkantore word versoek om asseblief hieraan gehoor te gee! – sien ook pt 4.

2. GEMEENTES BIED AAN:

VLEISFEES: Die **NG Gemeente Steynsrus** bied hierdie fees- en kuiergeleentheid aan op **Vrydag 1 Mei 2015 (Openbare vakansiedag), vanaf 10:00** die oggend. Tonne vleis, rou en gaar word te koop aangebied (gebraaide sosaties, wors, steak met pap en sous), daar is 'n kafee met die lekkerste pannekoek om aan te knibbel! Daar gaan ook 'n laaaang tafel wees met onder andere wyn, gebak, handvlyt, ensovoorts. Kom spring op 'n trampolien, speel tuin-gholf en vir musiekliefhebbers, word 'n **musiekprogram vanaf 12:00** @ R30 vir volwassenes en R10 vir kinders aangebied – die **kunstenaars is Christa Haventein, Mellie de Bruyn en Arnold Smith**.

GEMEENTE BASAAR: Die **NG Gemeente Wilgehof in Bloemfontein hou op Saterdag 2 Mei 2015 vanaf 10:00** hul jaarlikse basaar op die kerkterrein te Johannes Rabiestraat, Wilgehof. Daar sal onder andere 'n gesins-potjiekoskompetisie wees, heerlike etes, sowel as al die ander lekkernye wat op so 'n basaar te koop aangebied word, met vermaak vir die kinders. Die **aand om 19:00** tree die bekende gospelsangeres, proponent Maryna Knoetsen op, kaartjies @ R30 vir volwassenes en R20 vir kinders is by die kerkkantoor beskikbaar. Almal is welkom om hierdie geleentheid by te woon! Vir navrae, kontak vir Marietjie Smith by die kerkkantoor op 051 522 2969 (k).

2DE HANDSE BOEKVERKOPING: Die **NG Gemeente Uitsig in Bloemfontein** (Werdasingel, Uitsig), hou hierdie verkoping **vanaf 21 April tot 18 Mei 2015** (Ma, Di, Do en Vry vanaf 09:00 – 13:00). Daar gaan talle ensiklopidieë, geestelike boeke, storieboeke, boeke oor stokperdjies, ensovoorts te koop aangebied word, pryse wissel vanaf R1 – R10. Vir enige navrae, kontak asseblief die kerkkantoor op 051 522 2780 (k/u).



3. KONGRES – RELIGIE, POLITIEK, GEMEENSKAP: RADIKALE ORTODOKSIE IN SUID-AFRIKA: Die Fakulteit Teologie en Departement Filosofie van die Universiteit van die Vrystaat, nooi alle belangstellendes uit na hierdie kongres wat op **7 en 8 Mei 2015** gaan plaasvind.

Die Fakulteit Teologie en Departement Filosofie van die UVS nooi u graag uit na die kongres, ***Religie, politiek, gemeenskap: Radikale Ortodoksie in Suid-Afrika*** op 7 & 8 Mei 2015. Die volgende **sprekers** sal by hierdie geleentheid optree: **Graham Ward, John Milbank, John de Gruchy, Danie Goosen, Johann Rossouw en Jaco Kruger.** Vir meer **inligting en die program**, klik op die volgende skakel, **www.ufs.ac.za/radicalorthodoxy** en om te **registreer**, klik op **http://goo.gl/forms/QFkBKTJRPd**

4. NUUS VANUIT DIE KANTOOR VAN DIE ALGEMENE SINODE: Gemeentes word vriendelik versoek om asseblief aan die volgende sake aandag te skenk (Verwys ook na pt 1):

XENOFOBIESE GEWELD: Gemeentes word versoek om dié saak steeds op hulle voorbiddingsprogram vir die komende Sondag te hou (sien ook versoek by pt 1). **Bid asseblief ook spesifiek vir die talle samesprekings en inisiatiewe** wat aan die gang is om hierdie probleem te probeer hanteer. Daar vind vandag om 13:00 'n optog in Johannesburg plaas waaraan alle segmente van die burgerlike samelewing gaan deelneem. Dominees en lidmate in veral die Gauteng/ Johannesburg-area, word versoek om ernstig te oorweeg om deel te neem – hierdie teenwoordigheid kan 'n ongelooflike positiewe sein uitstuur. Die optog begin om 13:00 by die Pieter Roospark in die Johannesburgse middestad naby Constitution Hill. Bid ook dat hierdie optog positiewe vrug sal oplewer.

SAMESPREKINGS OOR LANDBOU/ GRONDHERVORMING: Die onderhandelinge oor hierdie sake is baie ingewikkeld, sensitief en spanningsvol. **Bid asseblief vir almal wat betrokke is** – in besonder vir so baie van ons lidmate wat 'n besondere belangrike rol speel om 'n positiewe uitkoms te probeer bewerk.

TEASA *(The Evangelical Alliance of South Africa)*: Die NG Kerk is lid van hierdie ekumeniese beweging wat 'n **baie belangrike rol speel in die getuienis van die kerk op plekke waar denominasies nie altyd toegang het of betrokke kan wees nie.** Hulle het tans bepaalde uitdagings ten opsigte van hulle volhoubaarheid. Klik **hier** vir 'n brief en versoeke oor hierdie belangrike saak. **Gemeentes word versoek om na goeddunke oorweging hieraan te skenk.**

PINKSTERREEKS 2015 - *DIE AARDE BEHOORT AAN DIE HERE*: Die Pinksterreeks vir 2015 is beskikbaar – dit word deur die NG Kerkfamilie se Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis aan die breë kerk voorsien. Die fokus is op ekologie en daar word vertrou dat dit wyd en vrugbaar deur Bedienaars van die Woord gebruik sal word. Klik **hier** vir die volledige reeks.

5. BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA: 'n Mediavrystelling is nasionaal deur die Bybelgenootskap uitgereik rakende hul nuwe projek, *Ek was 'n vreemdeling*. Klik **hier** om dit te lees.

6. NUUSBRIEF – NG STUDENTEGEMEENTE, BLOEMFONTEIN: Hierdie gemeente het ook nou 'n nuusbrief wat **een keer per kwartaal sal verskyn** – klik **hier** vir die 1ste volume.

7. BIED DIE VOLGENDE NUWE HANDLEIDING, SOWEL AS DVD AAN GEMEENTES:

ToekomsVenster se tweede Stiltetyd Handleiding is nou beskikbaar. Dr Annes Nel, tans in Belfast, Ierland, het die bundel oor emosionele heelheid geskryf. "Die 45 dagstukkies (nege weke, weeksdae) neem nie meer as 12 minute per dag in beslag nie en is die ideale manier om n gemeente 'op dieselfde bladsy' te kry", sê ds Jannie Pelser, organiseerder van dié inisiatief. Die reis na heelheid word verryk deur daaglikse blog-inskrywings wat by die dagtema aansluit, asook preeksketse wat die leraar se taak aansienlik vergemaklik – besoek gerus ook die webblad by **www.toekomsvenster.bybelmedia.org.za**

Daar is ook 'n kleingroep-begeleidings-DVD beskikbaar wat die pakket ideaal maak. Dit is dus geskik vir 'n gemeente as geheel of vir individuele gelowiges. Dié reis is kalendervriendelik wat beteken dat dit enige tyd in 'n gemeente implementeer kan word. Die eerste bundel oor identiteit is steeds beskikbaar en is deur dr Gerhard Bothma geskryf.

Bestellings kan by Bybel-Media (086 026 3342), of by Drienie (011 665 2017), geplaas word .

Stap as gemeente die pad na heelheid en lê so 'n gesonde fondasie vir die toekoms.

8. VAKATURES: Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Meer - Vakatures*.**

9. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal.

10. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week, hul verjaarsdae vier – mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, genade en liefde wees:

24 April:
Ds Arno Kotze - BULTFONTEIN-OOS - 051 853 1340, **kotze.ca@gmail.com**

27 April:
Dr Gideon Serfontein - VAALPARK - 016 457 3027, 083 288 7555, **deonserfontein@gmail.com**
Ds Heinrich Gerber - THEUNISSEN-WES - 057 733 0308, 082 337 0838, **heinrichgerber10@gmail.com**

28 April:
Ds Vian du Plessis - BLOEMFONTEIN-WES - 079 877 0703, **viandup@gmail.com**

29 April:
Ds Gideon Lamprecht - LADYBRAND-NOORD - 051 924 2302, 082 417 0507, **gideonlam@webmail.co.za**

11. TEN SLOTTE: *Wanneer jy bid, moet nooit vergeet om ook dankie te sê nie!*

Groetnis, tot volgende keer…

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: **kerkinfo@ngkvs.co.za**
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719
Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP ***VRYPOS*** WIL **INTEKEN**, KLIK **hier** **(meld asseblief ook u gemeente/dorp)**

AS U ***VRYPOS*** WIL **KANSELLEER**, KLIK **hier** **(dit sal 'n fout wees!)**

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by **kerkinfo@ngkvs.co.za** – stuur ook enige nuusgebeure, ensovoorts na hierdie adres.

***VRYWARING / DISCLAIMER – Klik* hier**

HERHALINGS:

INHOUD:

1. ALGEMEEN:

- **UV EN FAKULTEIT TEOLOGIE OPEDAG 9 MEI 2015:** Die Here Jesus het self gesê: "Die oes is groot, maar die arbeiders min" (Mat 6:37). Moedig jongmense aan om Teologie te gaan studeer. Hulle kan 'n bydrae tot God se Koninkryk maak as sendeling, predikant, jeugwerker, kapelaan, pastorale berader, ensovoorts. **Skoolverlaters en hul ouers word na hierdie geleentheid uitgenooi wat vanaf 09:00 by die Callie Human-sentrum sal plaasvind** – vanaf 11:00 beweeg almal na die Teologiese Gebou op die kampus. Meer inligting oor sertifikaat- en graadprogramme aan die UV se Fakulteit Teologie, sal by dié geleentheid gegee word – vir enige navrae, stuur 'n e-pos aan hoffmanl@ufs.ac.za

- **LEPAE-PROJEK - NEONATALE EENHEID VAN PELENOMI HOSPITAAL:** Die *Lepae*-projek (beteken *little blanket* in Sotho), is gedurende November 2013 deur 'n paar mense begin om mammas en babas by die Neonatale Eenheid van die Pelenomi Hospitaal in Bloemfontein te ondersteun. Die **NG Gemeente Hugenoot het inisiatief geneem** en van die lidmate is tans besig om mussies vir die babatjies te hekel en te brei en hulle nooi hiermee ander gemeentes uit om saam met hulle hierdie mooi projek te ondersteun! Klik **hier** vir die mussie se hekelpatroon, **hier** vir die breipatroon – vind ook **hier** meer inligting oor die *Lepae*- projek.

2. GEMEENTES BIED AAN:

- **KROONHEUWEL-NOORD SE SOSATIE- EN VLEISFEES:**

- **PINKSTER BY RIEBEECKSTAD-ERFDEEL:** Hierdie gemeente se Pinksterreeks met dr Johan Beukes, vind vanaf **10 tot 12 Mei 2015** plaas met die tema, ***Dans van die Lewe!*** Kontak vir Rina Roets by 057 388 3186.

3. KONFERENSIES:

- **KAROO *MIGHTY MEN* KONFERENSIE:** Belangstellendes word weer 'n geleentheid gebied om deel te wees van die Karoo *Mighty Men* Konferensie wat **vanaf 24 – 26 April 2015 te Middelburg KP**, gaan plaasvind. Busvervoer, tente om in te slaap en alle etes en drinkgoed word @ R600pp, aangebied. Navrae kan aan Charles Truter by 083 305 8766 gerig word.

- **'N JUBELFEES VAN DIE VROUELIDMATE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT:** Alle vrouelidmate in die Vrystaat word weer aan hierdie geleentheid herinner wat op **Saterdag 9 Mei 2015 vanaf 08:30 vir 09:00** by die NG Gemeente Pellissier gaan plaasvind. Die spreker by hierdie konferensie is prof Stephan Joubert met die tema, ***My manifesto vir die res van 2015***. Die projek, ***Stop Humantrafficking*** word ook by hierdie geleentheid deur Hykie Berg en Elanie Kruger bekend gestel. Geloofsbriewe vir die kies van afgevaardigdes, is reeds per e-pos aan gemeentes gestuur – vir enige navrae, skakel vir Joanie by 051 406 6732 (k), of stuur 'n e-pos aan **gemeentes@ngkvs.co.za**

4. WERKSWINKELS / KURSUSSE / OPLEIDING:

- **BYEENKOMS VAN DIE FORUM VIR BRUGPREDIKANTE:** Nie alleen word brugpredikante uitgenooi nie, maar enige een wat belangstel in die Brugbediening, asook temas wat bespreek gaan word, is ook hartlik welkom om dit by te woon – dit vind op **Woensdag 6 Mei 2015 vanaf 09:30 tot 13:00** by die NG Gemeente Kempton-Kruin te Fiskaalstraat 30, Glen Marais, Kemptonpark, plaas ('n roetekaart kan voorsien word). **Bevestig asseblief jou teenwoordigheid vóór 30 April 2015** by een van die volgende persone (reëlingskomitee): Audrey Hick 082 783 9083 / Albert Cruywagen 082 823 0785 / Howard du Toit 082 371 9346. Die forum vorder steeds en hoop om voor die einde van die jaar reeds 150 brugpredikante opgelei te hê met 50 gemeentes waar brugpredikante reeds werksaam was. Klik **hier** vir meer inligting rakende hierdie byeenkoms.

- **PASTORALE BERADINGSKURSUS - ABORSIE, MISKRAAM EN STILGEBOORTE:** In hierdie kursus wat deur prof Wentzel Coetzer op **Saterdag 23 Mei 2015 in Potchefstroom** aangebied word, word gefokus op die pastorale begeleiding van persone wat geraak is deur aborsie, miskraam of stilgeboorte. Klik **hier** vir meer besonderhede.

5. VAKATURES:

- **VAKATURE – NG AANDBLOEM:** Dié Gemeente het 'n vakature vir 'n persoon met bedieningsbevoegdheid in die NG Kerk, wat hulle graag met **ingang Junie 2015 wil vul**. Die suksesvolle kandidaat moet **verkieslik 'n geëmeriteerde leraar wees, bokant die ouderdom van sestig jaar en onder sewentig jaar**. Skriftelike aansoeke met 'n kort CV en ten minste twee getuigskrifte, moet asseblief **vóór die die einde van April 2015 by die gemeentebestuurder ingedien word.** Klik **hier** vir meer besonderhede.

TERUG NA INHOUD

BYEENKOMS VAN DIE FORUM VIR BRUGPREDIKANTE:

Die volgende is op die Agenda vir bespreking:

1. **Die Werkswinkel oor die Toekomsbeplanning van die Brugbediening in Suidelike Afrika** wat einde verlede jaar plaasgevind het**. Dr Martin Lazenby,** sekretaris van NIMSA, sal die skriftelike verslag nader toelig (dié verslag is beskikbaar).
2. **Die Rol wat die ontvolking van gemeentes en gepaardgaande afname in inkomste ten opsigte van die Brugbediening speel, word deur dr Bertus Koorts,** Algemene Kantoorbestuurder en Skriba van die Sinode Hoëveld bespreek**.**
3. In die laaste 45 minute van die byeenkoms word tyd gegee vir kort mededelings (*Communicatio*) deur brugpredikante oor hulle werk as brugpredikante in gemeentes; terugvoering oor hulle beplanning ten opsigte van die Brugbediening deur die verskillende denominasies; die rol van 'n brugkonsultant, asook allerlei datums en verdere gebeurlikhede, ensovoorts.

TERUG NA INHOUD

PASTORALE BERADINGSKURSUS - ABORSIE, MISKRAAM EN STILGEBOORTE:

Aspekte waaraan aandag gegee sal word, sluit die volgende in:

- **Die fase tussen konsepsie en geboorte** - die invloed van skok en trauma tydens die voorgeboortelike fase.
- **Die invloed op die res van die gesin** - belangrike navorsing deur Christen psigiaters word hier aan die orde gestel.
- **Die invloed van aborsie op mans** - verlore vaderskap, asook wyses waarop 'n man skuldgevoelens en hartseer kan hanteer.
- **Die emosionele effek van aborsie** - vyf tipiese kenmerke van post-aborsiesindroom.
- **Die belangrikheid van self-vergifnis** - agt fases van verwerking van aborsie en nege riglyne vir persoonlike groei na aborsie.

PLEK: Studente Hervormde Kerk – Silwerstraat 19 (net langs klein kragstasie)
DATUM: Saterdag 23 Mei 2015
TYD: 08:00 – 13:00 (5x VBO punte vir leraars)
GPS KOÖRDINATE: Suid: 26.41.590 - Oos: 27.5.079
KOSTE: R250pp (egpare R350)
HANDLEIDING TE KOOP (opsioneel): R160 (posgeld R25 ekstra)
NAVRAE EN BESPREKING: 083 660 0409 / 082 577 8810 / 018 294 7457 / e-pos: **wentzel7@mweb.co.za**
FOOIE KAN INBETAAL WORD BY: ABSA spaarrek: 9061802135 – takkode 335138 - Reknaam: SE Coetzer

TERUG NA INHOUD

VAKATURE - AANDBLOEM GEMEENTE:

Die NG Gemeente Aandbloem is gesetel binne die Ring van Bloemfontein met 620 lidmate. Die oorgrote meerderheid van die lidmate is ouer as sewentig jaar en die gemiddelde ouderdom is rondom 80 jaar. Die Gemeente onderskryf die die Bybel as die heilige en onfeilbare woord van God, asook die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Dordtse Leerreëls en die Heidelbergse Kategismus as belydenisskrifte. Die gemeente is aktief oor 'n groot spektrum van bedieninge waarby die lidmate ten volle betrokke is.

Die Gemeente het 'n vakature vir 'n persoon met bedieningsbevoegdheid in die NG Kerk wat hulle graag met ingang Junie 2015 wil vul. Die suksesvolle kandidaat moet verkieslik 'n geëmeriteerde leraar wees, bokant die ouderdom van sestig jaar en onder sewentig jaar. Die suksesvolle aansoeker sal vir die volgende pligte verantwoordelik wees:

Prediking tydens 'n oggenddiens ten minste een keer elke drie weke; Week van Gebed elke derde jaar; Pinksterreeks elke derde jaar; Biduur en Bybelstudie elke tweede week; Nagmaal een of twee keer per jaar; Huwelike, doopbediening en aflegging van belydenis van geloof by hoogste uitsondering. Tree ook op by funksies en ander geleenthede soos nodig.

Huisbesoek: Ongeveer 205 besoekpunte in die wyke, eenkeer per jaar en 70 besoekpunte in die verswakte afdeling van Ons Tuiste, vier keer per jaar. Dit is ongeveer 485 huisbesoeke per jaar. Nuwe intrekkers word so gou as moontlik besoek.

Sterwensbegeleiding, siekebesoeke, begrafnisse soos nodig. Daar is gemiddeld drie tot vier begrafnisse per maand.

Betrokke by een van die gemeente se dienskommissies. Lid van die Bestuursraad en kerkraad van die gemeente. Lid van die broederkring (3 leraars van die gemeente) en ander ad hoc-kommissies van tyd tot tyd.

Geen verantwoordelikheid vir administratiewe take nie, behalwe rekordhouding van besoekwerk met die oog op verslagdoening aan die Kerkraad. Die huisbesoek en gemeentelike aktiwieite vind grotendeels in die dag plaas.

Die suksesvolle kandidaat is kwytgestel van alle verpligtinge teenoor die Ring en Sinode. Alle nie-gemeentelike aktiwiteite moet tot die die minimum beperk word, sodat die dienswerk in die Gemeente sy hoogste prioriteit sal geniet. Hy moet ook geen ander werks- of studieverpligtinge hê nie.

Die Kerkraad bied 'n bruto besoldigingspakket (koste van indiensneming) van R174 000 per jaar aan, sonder enige behuisingsvoordele of ander byvoordele. Die suksesvolle kandidaat kan die bedrag struktureer soos hy dit die beste ag. Hy is geregtig op 42 dae verlof per jaar.

Die aanstelling word van jaar tot jaar hernu volgens die diskresie van die Kerkraad. 'n Wedersydse kennisgewingperiode vir diensbeëindiging van 30 dae geld.

Skriftelike aansoeke met 'n kort CV en ten minste twee getuigskrifte, moet asseblief **voor die die einde van April 2015 by die gemeentebestuurder ingedien word:**

Mev Petro Delport (Ma-Vr 08h00-12h00)
Adres: Van Heerdenweg 22, Bloemfontein
E-pos: **aandbloem@engo.co.za**
Faks: 051 407 7619
Tel: 051 407 7631

TERUG NA INHOUD